

Maandag 23 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 5:27-30

Fokusgedeelte: Matteus 5:28;
Heidelbergse Kategismus 41:109

God roep gelowiges tot selfbeheersing

Letterlik staan daar in vers 28: *“Elkeen wat na ’n vrou kyk met die doel om haar te begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.”*

Jesus veroordeel nie ’n mens se natuurlike belangstelling in die teenoorgestelde geslag nie. Hy veroordeel wel die gewoonte om gedagtes en fantasieë te koester wat te doen het met egbreuk. Jesus ken die krag van ons seksuele begeertes en daarom beveel Hy ons om dit te beheer. Baie gelowiges het al gestruikel omdat hulle nie hulle begeertes beheer het nie.

Jesus sê dat dit drastiese stappe vat om ons seksuele begeertes te beheer. Hy sê: *“As jou regteroog jou laat stuikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg ...”* (:29). *“Of as jou regterhand jou laat struikel, kap hom af en gooi hom van jou af weg ...”* (:30). Natuurlik bedoel Jesus nie dat ons letterlik ons oog moet uitruk of ons hand moet afkap nie. Hy maak van oordrewe taal gebruik om ons te leer hoe ernstig ons moet wees om ons begeertes te beheer.

As jy ’n gewas in jou liggaam het, dan verwyder jy dit, selfs al kos dit een van jou lede-mate. Hoekom? Want jy weet dit kan jou hele liggaam siek maak. Met dieselfde erns moet ons ons seksuele begeertes hanteer. In jou lewe kan dit boeke of tydskrifte wees. Dit kan die rekenaar of televisie wees. Jesus sê: *“Breek daarmee! Raak daarvan ontslae!”*

Onbeheerde begeertes is soos ’n vuur wat jou hele lewe kan oorneem. Daarom moet ons ook hierdie sonde voor God bely, en Hom vra dat Hy ons sal lei om ons seksualiteit so te beoefen soos Hy dit ontwerp het.

Sing: Psalm 128-1:1, 2

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai)